

Gesondheidsopvoedkundige Benadering Tot Vektorbeheer

E. K. Hartwig, D.Sc. (Pret.)

Ekoloog, Gemeenskapsgesondheidsdienste, Departement van Gesondheid.



SUMMARY

Vector control in South Africa is governed by specific factors which must be taken into account in educational programs. Our basic aim is prevention. The community is directly concerned and must be educated in vector control and preventive measures. Present day border conditions and communication problems complicate matters. The various population groups necessitate different approaches. Understanding and goodwill are essential for success in vector control.

DIE stryd tussen die mens en draers of vektore van siektes wat die mens aantast bestaan reeds lank voordat daar enige vorm van beskawing was. Ons weet nou hoedat besmetting plaasvind. Vektore en siekteorganismes het oor die jare heen aangepas en is eie in hulle lewensgewoontes en selfs soort aan die spesifieke land. Suid-Afrika het dan ook sy eie vektore en siekteorganismekompleks wat gevolglik 'n eiesoortige benadering tot vektorbeheer en waarneming vereis. Alle opvoedkundige pogings moet hierdie feit in ag neem. Die gemeenskap moet as geheel betrek word. Inligting word op verskillende maniere oorgedra om die uiteenlopende groepe synde van die laagste tot die hoogste opvoedingspeil te bereik. Vir elke groep is 'n afsonderlike benadering nodig en hierin lê die swakheid. Tot dusver kon ons nog nie daarin slaag om alle bevolkingsgroepe te bereik nie, ons boodskap word gestel maar nie verstaan nie. Die meerderheid van ons bevolking, wit en swart en alle ander rasse, begryp nog nie die voorkomende maatreëls wat so belangrik is vir vektorbeheer.

Die korrekte manier van oordra van inligting om begrip te verkry is 'n enorme taak vanweë wanbegrippe en bygelowe wat reeds diep gewortel is. Daarby is die vektorkringloop of die stadia van ontwikkeling wat die siekteorganisme in die vektor asook die mens voltooi, baie keer moeilik te verstaan; tog is volle begrip wenslik. Diegene in beheerposte behoort

veral volle begrip te hê van die vektor oordraagbare siektes in die spesifieke gebied. Op hierdie mense berus die verantwoordelikheid om 'n siek mens wat as reservoir van hierdie "vektorsiektes" dien op te spoor en dan die nodige stappe te neem om genesing te bewerkstellig. Suid-Afrika kan nie ten volle ontwikkel as mense wat vektor-oordraagbare siektes onderlede het vry rondloop en andere daardeur blootstel aan besmetting nie.

Vooruitsigte

Die stryd om bestaan tussen die vektor, die siekteorganisme en die mens sal voortbestaan al doen ons alles in ons vermoë om die vektor of siekte uit te wis. Uitwissing van 'n lewende organisme wat reeds gevestig is, is nie 'n maklike taak nie. Sukses van siektebekamping of vektoruitwissing is en kan behaal word op 'n eiland en selfs 'n vasteland maar uiteindelik vind herbesmetting tog weer plaas en begin die stryd van voor af.

Vektorkontrole en nie vektoruitwissing nie is derhalwe ons oogmerk, veral in Suid-Afrika waar ons te kampe het met baie faktore buite ons beheer en waar die warm en soms nat toestande vektorvermeerdering bevorder.

Waar vektorgetalle laag is, is die beheer van die siekte wat oorgedra word betreklik maklik en goedkoop; wanneer vektorgetalle daarenteen hoog is, is beheer moeilik en duur en neem dit soms jare voordat die vektorbevolking terug is na 'n

veilige getal.

Opvoeding in vektorkontrole is 'n basiese vereiste; bevolkings en die regering moet ingelig wees. Samewerking gaan gepaard met opvoeding veral in grensgebiede. 'n Mislukking in vektorkontrole in enige gebied het ten gevolg dat die betrokke siektes na aangrensende gebiede kan versprei waar vektorbeheer suksesvol toegepas word.

Suid-Afrika se grense, veral Noord en Noordoos, ondervind tans 'n politieke onstabiele tydsbestek. Dié toedrag van sake aan hierdie grense bemoeilik die Tsetsevlieg/Slaapsiekte- asook die Anophelesmusket/Malaria vektorbeheer. Kommunikasie en opvoeding in hierdie gevaarsones het prakties onmoontlik geword en dit is juis in dié gebied waar ons interstaatlike en individuele samewerking behoort te hê. Die huidige vektor talrykheid aan Suid-Afrika se grense met Angola, Zambië, Botswana, Rhodesië en Mosambiek wys ons hoe uiters belangrik samewerking en onderlinge verstandhouding is. Tsetsevlieë wat met vroeëre interstaatlike samewerking in Noord-Zululand, die Caprivi en ander dele onder algehele beheer was kom nou weer in toenemende getalle voor.

Die aanteelvermoë van vektore is normaalweg hoog. Staatsdepartemente soos Gesondheid, Landbou, Waterwese asook Afdelingsrade, Stads- en Dorpsrade doen wat hulle kan om die vektoraanwas te bekamp. Die private sektor help ook hiermee en op plekke word sukses behaal. Die stryd is landswyd en globaal egter opdraand. Die feit dat ons nog nie daarin geslaag het om die belangstelling en hulp met vektorkontrole by ons landsbevolking tuis te bring nie is 'n groot stremmende faktor. Verskeie ander redes kan aangevoer word om die opdraande stryd te verduidelik. Daar is 'n tekort aan fondse, mannekrag, navorsingswerk, die onvoorspelbare bevolkingsontploffings onder vektore, maar die onkunde gepaard met die gebrek aan samewerking van die bevolking bly deurslaggewend. Die handjievol beamptes kan nie doeltreffende vektorkontrole beoefen sonder die samewerking van die betrokke bevolking nie.

Begrip en samewerking

Om 'n welwillende gesindheid en samewerking te verbeter is onder hedendaagse toestande 'n reuse taak. Ouer en kind kan vandag skaars kommunikeer. Rasseverskille bring taal- en gewoontever-skille mee wat ook kommunikasie strem. Behalwe dit is daar 'n algemene afkeur tot betrokkenheid. Min mense help spontaan selfs in die geval van 'n noodtoestand.

Onbeholpenheid en 'n kunsmatige lewe in die algemeen bemoeilik sake ook verder deurdat veral die jong geslag nie sommer 'n praktiese oplossing sal raaksien nie. Vindingrykheid in die opsporing en vernietiging van musketbroei-plekke, rotneste, ensovoorts ontbreek baie keer. Die eerste gedagte is aan gifgebruik pleks van daadwerklike optrede soos die drooglei of toegooi van musketbroei-plekke, rotte dood te slaan, vlooineste te verbrand, ensovoorts.

Weet u en ek of ons bediende koors gehad het toe sy nou die dag siek was? Sy is mos kort, kort siek. Het sy nie dalk malaria of bilharzia onder lede nie? Om vektorbeheer te kan

beoefen moet ons dit weet. As ons dit nie eens weet nie, watter kans het die beampte belas met vektorbeheer om dit uit te vind? Sy kans is maar skraal om u en my bediende se vertrouwe te wen om uit te vind of sy hoegenaamd siek was. Elkeen wat weet moet derhalwe met geduld en toewyding dié wat nie weet nie inlig. Ons moet meer weet aangaande die gesondheid van ons medemens en veral ons bediendes.

Op een of ander wyse moet elke landsburger na sy vermoë ingelig word oor die siektes wat op hom of haar betrekking het. Elkeen moet verstaan watter vektor betrokke is en watter omstandighede vermy moet word om die betrokke siekte te kan voorkom. Inspekteurs van die Departement van Gesondheid neem urine- en stoelgangmonsters van skoolkinders in bilharziagebiede en sulke kinders word breedvoerig oor bilharzia ingelig. Waar bilharziagevalle aangetref word, word werk daarvan gemaak om genesing te bewerkstellig en al hierdie gevalle word ingelig. Die Onderwysdepartement het ook 'n aandeel in hierdie projek. In die malariagebiede doen die Departement van Gesondheid aktiewe opsporing en voorligtingswerk om vektorbeheer te bevorder. Met pes word daar tans ook in hierdie rigting beweeg. Baie van die inligting gaan egter verlore vanweë 'n gebrek aan betrokkenheid. Dit verg oneindig baie geduld en toewyding om die vektorgevaar, die teenmaatreëls en veral voorkoming tuis te bring by ons veelrassige bevolking. Ons is dit almal eens dat voorkoming beter is as genesing en dat gemeenskapsgesondheidsdienste meer doeltreffend is as individuele aandag. Het ons egter die masjienerie om gemeenskapsbetrokkenheid te bewerkstellig? Die mens se lewenstyl is teenswoordig te luilekker om deur middel van opvoekundige lesings die doel te bereik. Van klein tot groot verwag ieder en elk om teen gevare beskerm te word. Radio, pers en televisie kan waarsku en inlig maar Jan Publiek verwag nog dat 'n groot tweetalige kennisgewing hom moet waarsku teen bilharzia en selfs malaria.

Wanneer is 'n mens eintlik vatbaar vir opvoeding oor vektorbeheer? Sodra jy of jou kind of 'n dierbare van jou siek word, dan eers dring die volle erns van die gevaar tot jou deur. Dan eers kom jy tot die besef dat die draers van siekte 'n alledaagse bedreiging vir jou en jou medemens inhou. Jy besef vir die heel eerste keer dat jy eintlik niks weet van die siekte-implikasies en die vektor wat tot dusver ongehinderd aangeteel het. Jy vra jou dokter, die verpleegster, die apteker en almal wat meer weet van die siekte en die vektor as jyself.

Dit is hierdie persoon wat ons moet benut om in sy eie en in landsbelang die opvoedingsprogram te behartig. Daar waar die siekte opgedoen is, daar ook moet die voorligtingswerk begin. Elke hospitaal en verpleeginstansie is 'n opvoedingsentrum in hierdie verband. Ons sal soveel gebruik hiervan moet maak as wat moontlik is. Opvoedkundig is dit belangrik om met die begrippe wat reeds bekend is te begin en die onbekende geleidelik aan te vul. Elke geneesheer, verpleegster, apteker, gesondheidsbeampte en wie ook al met oordraagbare siektes te doen kry moet poog om die siek persoon en sy ouers waar toepaslik, soveel inligting as moontlik rakende sy spesifieke siekte te gee.

Die huidige toedrag

Ons het vandag weer te kampe met malaria, bilharzia, slaapsiekte, pes, tifus, maagkoors en ander oordraagbare siektes waarby vektore 'n verneme of noodsaaklike rol speel. In 1978 was daar om en by 5 800 malariagevalle. Dit is onmoontlik om die maagkoors- en bilharziagevalle te bepaal maar die getalle is ook in die duisende. Is dit nie vreemd dat daar so baie siektegevalle en peste in ons moderne tyd bestaan nie? Die toedrag van sake is te wyte aan die algemene onkunde rakende hierdie siektes, 'n gebrek aan 'n wil om iets daaromtrent te doen, omgewingsbesoedeling, die bevolkingsaanwas, toenemende vervoer van mense en goedere, duur en kortwerkende plaagdoders en nog ander soos die hedendaagse gejaagdheid. Ons neem nie die voorgeskrewe pille soos bepaal nie en doen niksvermoedend verkeerde ander dinge soos slordige rot-aasaanvulling wat uiteindelik ons medemens en onself in gevaar stel.

Suid-Afrikaanse burgers moet besef dat vektorsiektes 'n ondermynende bedreiging is. Laksheid in vektorbeheer kan weerstandbiedendheid tot gevolg hê. Opvoedkundig word daar heelwat op vektorbekamping deur die staat, afdelingsrade, private en onderwysinstansies gedoen. Inligtingsbrosjures oor bilharzia, malaria, pes en ander naverwante onderwerpe is te bekom by staatsdepartemente soos Gesondheid, Landbou Tegniese Dienste, Toerisme en Waterwese. Maatskappye wat bilharziaslakbeheer en ander vektornavorsing doen beskik ook oor puik brosjures en inligting. Laasgenoemde en van bogemelde staatsinstansies beskik ook oor opvoedkundige rolprente en skyfiereekse wat uitgeleen kan word. Op versoek sal hierdie instansies lesings aanbied oor vektorbeheer, universiteite wat insektekunde of dierkunde aanbied asook party teknikons bied vektorbeheer en kursusse oor naverwante onderwerpe aan. Tydens epidemies word die radio, televisie, die pers en tydskrifte gevra om berigte te plaas met die noodsaaklike inligting. Waar 'n vektorprobleem ook al opduik word 'n kenner op die spesifieke gebied gevra om die probleem te ondersoek. Hierna word 'n oplossing voorgestel en die betrokke bevolking word dienooreenkomstig ingelig. Partykeer vind daar 'n verskuiwing plaas in een of meer vektorbevolkings. Waar die moontlikheid bestaan dat dit gevaar vir die bevolking inhou, plaas ons relevante opvoedkundige berigte in die pers en tydskrifte. Die berigte lig die bevolking genoegsaam in om hulp te verleen om hulleself te help vrywaar teen die moontlike gevaar.

Op die huidige tydstip het daar in die Oostelike Kaap-provinsie 'n verskuiwing plaasgevind in twee pesvlooi gasheerbevolkings. Die Departement van Gesondheid ag dit in hierdie geval gerade om die bevolking tot peswaaksamheid te maan en het daarmee die samewerking van die betrokke bevolking ten doel. Die inligting wat verstrekk gaan word is die volgende en dit gaan verwerk word vir die radio en plasing in die pers en tydskrifte.

Voorbeeld: Beroep tot Peswaaksamheid

Pes kom in verskeie dele van Suid-Afrika deurentyd onder wilde knaagdiertjies voor. Ons weet nie waar nie totdat 'n dier of mens die gevreesde siekte opdoen. Vlooi dra pes van

'n siek dier na die mens of 'n ander dier oor. Die Departement van Gesondheid volg 'n noukeurige peswaaksamheidsprogram om hierdie gevaar te verminder. In vergange jare het pesgevalle en sterftes onder mense voorgekom en wel in die distrikte van Prieska, Calvinia, Williston, Camarvon, Britstown en Gordonia, alle waaksamheid ten spyt. Pes kan op die platteland asook in enige stad of dorp voorkom weens die internasionale, groeiende behoueringsdiens.

In die polities omgekrapte hedendaagse wêreld kom pes in baie lande voor. Rotte is die vernaamste internasionale pesdraers en ons moet dus waak teen pes van binne en pes van buite ons landsgrense; van binne via wilde pesvlooi-gashere en van buite via rotte met pesvlooi wat deur die behoueringsbesendings of met smokkelware ons land binnekom.

Ons moet nie toelaat dat pes in Suid-Afrika uitbreek nie. Dit kan soos 'n veldbrand versprei en ons almal moet die gevaar besef en bekamp. Bestry elke rot in en rondom u woning asook by u werk. Verwyder rommel, stompe en alles wat skuiling aan knaagdiere bied. Hierdie diertjies mag nie toegelaat word om aan te teel nie. Moet geen wilde troeteldiertjies soos meerkatte aanhou nie. Wanneer 'n rot deur 'n slagyster gedood word moet die karkas onverwyld verwyder word voordat die vlooi die karkas verlaat soos gebeur met koudwording. Verbrand die karkas onmiddellik of dood die vlooi met insekdoders. Die vlooi dra die pes oor na die mens of van dier na dier en ons moet dit verhoed.

Landswyd kom daar deurentyd bevolkingskommeling onder wilde knaagdiere voor. In die Oostelike Kaapprovinsie tussen De Aar en Port Elizabeth het die springhaasrot die afgelope aantal jare verdwyn en is sy plek geleidelik deur die Karoorot ingeneem. Albei knaagdiertjies kan pesvlooi dra maar omdat die Karoorot 'n bosbewoner is en dus aansienlik moeiliker is om te beheer as die kleiner springhaasrot, word die pesgevaar daardeur vergroot. Die plattelander kan hier baie help deur enige knaagdierebevolkingskommeling of meerkatvermeerdering of vrekke aan te meld. Siek diere mag nie verontagsaam word nie. Sodra 'n mak of wilde siek dier aangetref word, rapporteer dan die geval aan die naaste plaaslike staatsowerheid. 'n Dier met pes is swak, haal swaar asem, hoes met bloederige speeksel en het koors. Monsters van dooie diere kan aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Mediese Navorsing, h/v Hospitaal- en de Kortestraat, Hospitaalheuwel, Johannesburg, 2000 gestuur word. Merk die pakkie duidelik — MONSTER VIR PESTOETS. Verstrekk ook u adres en die omstandighede waaronder die diertjie aangetref is. Die peslaboratorium doen beenmurgtoetse en hiervoor moet die bobene onbeskadig bly. 'n Tros rughare is voldoende om die identiteit van die diertjie te bepaal.

Plaas die monster versigtig in 'n wyebek glasfles met 'n skroefdeksel, voeg genoeg tafel of growwe sout by om die monster met 'n soutlaag te bedek. Verpak die verseelde monsterfles daarna sorgvuldig in houtwol binne in 'n kartondoos en pos of stuur per passasierstrein. Bly deurentyd arm-lengte van die monster af totdat dit in die fles is. Gebruik stokke vir die plasing van die bene en die velstukkies in die fles en verbrand die stokke en dieroorblyfsels daarna. Omdat vlooi die pes van die dier na die mens oordra, moet die

strooivoering van die knaagdiernes, ens. vernietig word. Geen monster vir ondersoek mag in alkohol of formalien geplaas word nie omdat dit enige pesondersoek sou verydel.

Lig plaas en bosarbeiders asook u eie en hulle kinders in oor die gevare verbonde aan die hantering van velddiertjies. U kan menselewens hierdeur red. Met droë jare kom pes te voorskyn. Ons moet almal landswyd teen pes waak. Rapporteer enige knaagdiertoename of vrekte, verkieslik direk aan die Departement van Gesondheid, Privaatsak X88, Pretoria, 0001.

Gesondheidsopvoeding van die Swart bevolkings

Vektoroordrag vind vernaamlik onder ons swart mense plaas. Derduisende swart families woon in die half makgemaakte natuurgebiede waar die verskillende vektore voorkom. Bilharziaslakke, malariamuskiete en knaagdiere wat belangrike vektore is, kom algemeen voor in gebiede waar die swartman bly. Noue kontak bestaan hier tussen mens en vektor. Sanitêre geriewe ontbreek baie keer en voortdurende kontak met die waterpoele en riviere en ontlasting deur die mens teenaan die water bring mee dat bilharzia toeneem. Die gewoonte om buite te slaap, ongegaasde hut vensters en deure het tot gevolg dat malaria toeneem. Enige siekte wat voorkom, word ook stilswyend gedra, bly gevolglik ongeneesd en daardeur kring die besmetting al hoe wyer uit. Opvoeding om hierdie toestande die hoof te bied is geen maklike taak nie en hierdie toestande kan nie oornag verander word nie.

By die swart bevolking is die siekteprofiel oorwegend infektief van aard en word hy nog sterk deur die parasitiese organismes betrek waaraan hy in sy soort omgewing blootgestel word. Daar is 'n hoë endemiese voorkoms van bilharzia.

Malaria kom ook voor maar word aktief opgespoor deur gesondheidspersoneel. Die gesondheidsdienste en opvoedingspeil onder die swart man in Suid-Afrika en die tuislande vergelyk besonder gunstig met meeste Afrikalande. Daarby het die oorgrote meerderheid van die gesondheidspersoneel wat in die tuislande diens doen, in die verlede in Suid-Afrika diens gedoen en het hulle ook in Suid-Afrika hulle opleiding gehad. Die skakeling rakende vektorbeheer is goed tussen die tuislande en Suid-Afrika. Tuislandleiers en hul gesondheidspersoneel besoek die Sieg-

fried Annecke Navorsingsinstituut byvoorbeeld gereeld en woon daar kursusse en byeenkomste by. Idees en probleme rakende malaria en bilharzia word dan bespreek:

Die opleiding van mediese personeel vir die swart gebiede is 'n belangrike vereiste vir 'n gesonde beginpunt waardeur opvoeding tot vektorbeheer kan plaasvind. Daar bestaan 'n tekort aan geneeshere maar verpleegstergetalle is meer toereikend. Die verpleegster in die tuisland is die een vername skakel wat persoonlike kontak het met die bilharzia, malaria en ander vektorsiekte-gevalle en sy moet ingelig word om ook hier die noodsaaklike voorkomingsinligting aan haar pasiënte oor te dra.

Welsynsdienste begin groei en sal in belangrikheid toeneem namate die verstedelingsproses vorder. Teenswoordig poog ons om vektorvoorkoming op 'n indirekte wyse tuis te bring deur byvoorbeeld 'n kleurbrosjyre oor die Mopaniwurmversameling en droging vir kos te versprei waarin daar ook gemeld word dat muskiete malaria oordra en die siekte met pilinname voorkom kan word. Ook word wenke ter vermyding van bilharziawaters geskets. Die gedagte agter hierdie soort opvoeding is om subtiel sekere beginsels in vektorbeheer tuis te bring op 'n maklik begrypbare wyse. Die leser stel belang in die Mopaniwurm en kyk derhalwe deur die brosjyre en gelyktydig vertel 'n prentjie hier of daar van voorkoming van vektor oordraagbare siektes. Hierdie is maar nog net 'n eksperiment.

Toekomsplanne

Gloobaal gesien faal ons tot hede met opvoeding op hierdie belangrike gebied. Rolprente, skyfiereekse, pers en radioberigte word voorberei om ons doel te bevorder maar spesiale pogings sal ook aangewend word om deur middel van ons weermag meer te bereik, veral in die belangrike grensgebiede. Dit is ons voorneme om die dienspligtige in vektorbeheer op te lei en alle ander moontlike instansies soos die verpleegsterkorps se samewerking te bekom. Oudiovisuele onderwys kan ons in skole, teknikons en universiteite met vektorbeheeropleiding help.

VERWYSINGS

Epidemiological Comments. *Department of Health, Pretoria, 20 Dec. 1978*
Swart Ontwikkeling in Suid-Afrika - *Buro vir Ekonomiese Navorsing insake Bantoe-ontwikkeling, Pretoria 1976*